

Sing vooraf: Psalm 146:2 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort te meer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 102:12 (p. 501)

- 12 HEER, in plaas van droef te klae / sien ons ongemete dae,
wanneer eind'lik kroos en kind / lewensvolheid by U vind.

Skriflesing: Romeine 10

Teks: Romeine 10:20

En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie.

(Romeine 10:20 AFR1953)

Jesaja het gepreek vir 'n volk wat baie gesukkel het om volgens die waarheid te lewe.

- Hy het aanhoudend vir hulle gepreek dat hulle moet luister na die lieflike evangelie van vrede met God.
- Hy het gepreek dat die inhoud van God se beloftes is dat Hy nie die volk Israel sal laat ondergaan as hulle hulle net bekeer nie.

Maar die volk was so verhard in hulle ongehoorsaamheid, dat hulle geweier het om tot bekering te kom, en as gevolg van hulle volharding in die sonde toe in Ballingskap weggevoer is.

Baie jare later het die apostel Paulus toe 'n preek gelewer oor hierdie dinge wat Jesaja in sy profesieë neergeskryf het.

- Die ontstellende van Paulus se preek is dat hy dan aantoon dat die volk Israel nog niks verbeter het van die vroeëre jare af nie.
- Hy het aangetoon dat dit die rede is waarom die Here sy genade oor ander volke uitstort.

Blykbaar was daar van die Israëliete wat hulle probeer verontskuldig het op Paulus se aanklag. Daarom begin Paulus hierdie preek oor die dwaasheid van sy volk met die gebed dat daar redding vir sy volk mag wees.

Van vers 4 af toon Paulus vir die volk aan dat die fout by hulle lê – hulle is eiegeregtig.

- Hy toon ook die dwaasheid van eiegeregtigheid vir hulle aan – die soort van dwaasheid wat die mens het dat hy dink dat hy self sy saligheid kan bepaal, is dwaas.
- Die standpunt dat 'n mens die geregtigheid kan verwerp met sy goeie werke, is heeltemal in stryd met die geregtigheid wat ons deur die geloof verwerf.
- Die Wet het juis aangetoon dat Jesus Christus sou kom om ons sondes met God te versoen omdat ons nie self die saligheid deur wetsonderhouding kon verwerf nie.
- Die Wet, as saligmaker, se pad het dus op Christus doodgeloop.

Dit is die draad wat deur hierdie preek van Paulus loop: Die einddoel van die Wet is die Here Jesus Christus.

- Dit is waarom die Here in vers 6 laat skryf: *Wie sal in die hemel opvaar en Christus afbring?*
- Die bedoeling van die woorde is: Wie sou self sy eie verlossing tot stand kon bring?

Die antwoord word nie reguit gegee nie, maar dit is duidelik uit wat in vers 7 geskryf staan:

- Net so min as wat een van julle in die dood kan ingaan en net soos die Here Jesus Christus daaruit terugkeer, net so min kan een van julle self sy saligheid uitwerk deur die wet te onderhou soos wat die Jode dit gedoen het.

Die bedoeling van die gedeelte is dat die Here wil hê dat ons moet sien dat Hy aan Israel verskyn het in sy genade, maar dat hulle Hom nie gesien het nie.

- Hulle wou Hom nie vind nie.
- Die Here haal nog 'n gedeelte uit die Ou Testament aan (uit Joël 2:32):
Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Joël het geprofeteer dat die Messias en die Messiaanse tyd aan die kom is.

- Teen daardie agtergrond gesien, beteken hierdie gedeelte wat in Romeine aan-gemaal word, dat almal wat die Christus aanroep, deur Hom die geregtigheid sal hê.
- Kyk veral na die woord *elkeen*.
 - *Elkeen* wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
 - *Elkeen* is nie net die Jode nie.
 - Hier openbaar die Here al dat die heidene, net soos die Jode, verlos sal word as hulle die Messias aanbid.

Dis nou presies waaroor die saak hier in Romeine gaan.

- Die Jode het geglo dat net hulle in die genade van God sal deel.
- Hulle het vas geglo dat geen heiden ooit in die genade of liefde van God sal deel nie.

Paulus stel dit dan aan die Israëliete dat hulle net moet onthou dat hulle die genade van God verwerp het.

- Van vers 14 af toon Paulus aan hulle dat amptelike (deur God gestuurde) bedienaars die evangelie aan hulle verkondig het.
- Die Here het spesiaal mense gaan roep en dan gestuur om die volheid van die evangelie aan die Jode te gaan preek.
- Maar hulle het dit verwerp.

Nou moet u net onthou dat die tema van hierdie preek van Paulus is dat die einddoel van die Wet die Here Jesus Christus is.

- Daarom word die Israeliete daarop gewys dat Moses al gesê het dat Jesus die weg van die lewe sal aanwys vir sowel Jode as heidene.
- Hierdie pad van die lewe sal juis die geloof wees.
 - Paulus verwys na Deuteronomium 30:12vv waar die Wet deur Moses aan die volk oorgedra word.
 - Moses het toe ook gesê dat die Woord baie naby aan hulle is – in hulle mond en in hulle hart – en dat dit vir hulle die lewe en geluk of die dood en die ongeluk sou bepaal.

Die Wet het dieselfde gesê as die profesieë van die Ou Testament, naamlik dat die Messias die weg van die geloof sou kom aanwys vir Jood en heiden (Joël 2:32).

Romeine 10:12 stel die saak in baie ondubbelsinnige taal:

Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. (Romeine 10:12 AFR1953)

Dink hier ook aan Romeine 1:16 wat leer dat die gelowige deur die geloof gered sal word.

- Die Here sê nie daar dat die gelowige nou juis 'n Jood of iemand uit 'n bepaalde volk moet wees nie.
- Die regverdiging deur die geloof geld vir elkeen wat glo.

Die Here openbaar verder in Romeine 10:14 dat op elke plek waar die Here in die geloof aangeroep word, dit gekom het nadat daar gepreek is.

- En op elke plek waar daar gepreek is, het dit gebeur deur iemand wat spesiaal deur die Here geroep en gestuur is.
- Hierdie aanbidding, so skryf Paulus, het alleen voorgekom waar daar ware geloof onder die mense was.

Die saak wat sterk deurkom, is dat 'n mens nie 'n ware geloof kan besit, as jy nie die dinge waarin jy glo, deur die prediking gehoor het nie. Die saak is werklik belangrik.

- So belangrik dat luister na die prediking gelykgestel word met luister na Jesus self.
- Paulus verwys hier na Jesaja 52:7 waar voorspel is dat:
 - die profete Christus sou verkondig,
 - en dat die Christus uiteindelik self sou kom, en
 - dat Hy na Hom weer boodskappers sou uitstuur wat sy evangelie verkondig:

Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig. (Jesaja 52:7 AFR1953)

Die predikers is heroute.

- 'n Herout was iemand wat voor die koning uitgehardloop het wanneer die koning gereis het.
- Die herout het dan voortdurend op sy trompet geblaas en uitgeroep dat die koning aan die kom is.
- Nou sê die Here dat Hy geloof en godsdienst vasmaak aan die prediking soos wat die aankoms van die koning vasgemaak is aan die boodskap van die herout.
- Die prediker is die boodskapper wat vooruit hardloop met sy boodskap dat die Here aan die kom is!

Waarom stel Paulus dit so breedvoerig?

- Omdat die Jode ontken het dat hierdie evangelie aan hulle verkondig is.
- Hulle het nie die profete as gesante van God erken nie.

- Ook nie die Messias – Jesus Christus – toe Hy gekom het nie.

Hulle ontkenning daarvan dat die Jode die evangelie wat hulle gehoor het, verstaan en geglo het, kom baie duidelik uit in die Here Jesus se woorde:

Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie. (Lukas 13:34 AFR1953)

Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak.

- Die hele betoog van Paulus is daarop gerig om aan te toon dat die profete nie uit eie oortuiging of selfs uit hulle eie krag gepreek het nie.
- Die was werklik die Here Jesus self wat gepraat het deur die mond van die profete.

Paulus bewys verder dat die toestand van Jesaja af steeds onveranderd is.

- In die tyd van Jesaja was daar nie baie mense wat na die prediking geluister het nie, want Jesaja het eenkeer gesê: *Here, wie het ons prediking geglo?* (Jesaja 53:1)
 - Toe Jesaja dit gesê het, het hy gekla oor die ongeloof van sy volk.
 - Die profeet het gekla omdat die lieflikste evangelie van verlossing aan die volk verkondig is, maar hulle het hardnekkig bly weier om te glo.

Daarom sê die Here dat die geloof kom wanneer jy hoor, en dit wat jy moet hoor, is die Woord van God (v. 17). Jy kan net glo deur die prediking, want die Heilige Gees gebruik die prediking om die Woord van God aan jou te verduidelik, sodat dit jou lei in die groei van jou geloof.

Nou vra die Here (v. 18): Het julle dalk nie die evangelie gehoor nie?

- Is dit waarop jy jou beroep as jy dinge doen wat die Here nie wil hê nie?
- Of as jy dinge glo wat vals is?
- Of as jou kennis van die Here en sy Woord tekort skiet?

Die antwoord is kort: Julle het sekerlik gehoor.

- Die stem van die Here het oor die hele aarde uitgegaan en sy woorde is gehoor tot by die eindes van die wêreld.
- Die Here het sy evangelie van niemand af teruggehou nie.
- Almal se verskoning word hiermee vernietig. Ons staan skuldig.

Dan vra die Here: Maar het julle dalk nie verstaan nie?

- As die volk nie verstaan het nie, dan is dit omdat hulle nie wou verstaan nie.
- Die Here verwys hier na Deuteronomium 32:21.
 - Die Jode het God geterg met hulle ongehoorsaamheid.
 - Toe het God gesê dat Hy hulle jaloers sal maak deur ywer te werk by hulle wat *nie-volk* is – die heidene.

Die betekenis van die teksvers slaan duidelik deur:

- Die Here het aan Israel verskyn, maar hulle wou Hom nie sien nie.
- Toe het die Here gaan verskyn aan hulle wat nie gevra het dat Hy aan hulle moet verskyn nie.
- Die heidene – die wat deur die Here die *nie-volk* genoem word. Die Here het Hom laat vind deur die wat nie na Hom gesoek het nie.

Die Here sê dat Hy baie moeite gedoen het met sy volk. Hy haal aan uit Jesaja 65:2 waar staan dat die Here sy hande die hele dag lank uitgebrei het na 'n ongehoorsame en teëpratende volk. Israel het dus duidelik gehoor maar altyd teëgepraat.

Broeders en susters, nou moet ons onself in hierdie Bybelgedeelte sien. Wat maak ons met die genade van die Here? Jesus het vir ons ook gesterf!

- Hy het ons juis verlede week weer rondom die Nagmaal bymekaargeroep om ons dit weer te laat hoor.
- Is u nog bly omdat die Here Hom deur ons laat vind het? Besef u nog regtig hoe groot die Here se genade is, en wat dit vir ons inhou?

Ons moet dit altyd onthou – nie net rondom die Nagmaal nie.

- Ons moet dit veral onthou wanneer ons 'n geleentheid om te bid, of om kerk toe te gaan, of om Bybel te lees laat verbygaan. Dis 'n geleentheid wat verby is.
- Veral kerkbesoek is vir die Here van groot belang, daarom gee Hy in hierdie gedeelte so baie aandag daaraan om ons weer te laat verstaan dat Hy die prediking gebruik om u geloof te laat groei.
- Die prediking word ook deur die Here gebruik om valse leer uit ons gedagtes uit te kry.
- Hy gebruik die Woordverkondiging om ons kennis op te skerp, en bowenal om ons in sy teenwoordigheid saam te bring.
- By die prediking seën Hy ons.
- En versterk Hy ons.

Al het hierdie gedeelte in die Bybel iets van 'n verwytkarakter omdat die gelowiges hoor, maar weier om te luister, is dit tog 'n genade-gedeelte, want hier staan dat die Here sy hande die hele dag oor ons uitsteek.

- Al praat ons teë, die Here soek ons voortdurend op in sy liefde.
- Ons is dié aan wie die Here verskyn het, sonder dat hulle daarna gevra het.
- Ons is dié wat Hy gelei het om Hom te vind, terwyl ons Hom nie gesoek het nie.

Maar nou is die band tussen God en ons gesmee.

- Ons is ingelyf in die verlossingsverbond van die Here Jesus Christus.
- Ons moet baie dankbaar wees oor hierdie goedheid van die Here, en dan moet ons daarop antwoord deur ons hele lewe aan die Here te wy.

Amen.

Slotgebed

Psalm 71:1 (p. 352)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 9 Ek voel my sterk, aan U verbonde; / my mond vind tot u lof / gedurig ruimer stof.
U redding meld ek elke stonde; / al kan ek dit nie skat nie, / besyfer of bevat nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Mei 2008 (aand)